higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEKENKANTOORPROSEDURES EN -TEGNIEKE

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 3

(12050713)

2 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

192Q1N2002

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vryhandtekeninge, sketse en/of diagramme moet netjies, taamlik groot en in verhouding wees. Hulle moet in potlood gedoen en benoem word as dit vereis word.

5. Trek onder elke antwoord 'n streep oor die hele bladsy.

6. Trek 'n duidelike streep deur alle werk wat jy nie wil laat nasien nie.

7. Alle afkortings en simbole moet met dié in die jongste Nasionale Bouregulasies en alle toepaslike SANS (SABS)-kodes ooreenstem.

8. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: BEPLANNING- EN ONTWERPSPESIFIKASIES

1.1 Kies die korrekte opsie uit die drie opsies tussen hakies in die volgende sin, en skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1) in die ANTWOORDBOEK neer.

Die moontlikhede vir die gebruik van antropometrie in die ontwerp van (industriële, bak-, bierbrou-) toerusting is eindeloos. (2)

1.2 Maak 'n vryhandtekening in die regte verhoudings om SES van die gemiddelde afmetings van volwasse vrouens te illustreer (diepte van die kop, bolyflengte, hoogte, armlengte, onderlyflengte en beenlengte van voet tot knie). Die nodige afmetings moet aangetoon word. (8)

1.3. Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.2) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Omgewingsergonomie kan die kans op beserings in die werkplek verklein.

1.3.2 Die gemiddelde hoogte van vrouens is meer as die gemiddelde hoogte van mans.

(2 × 1) (2)

1.4 Noem DRIE van die mees algemene oorsake van rugpyn. (3)

1.5 Noem VIER soorte algemene staanwerkblaaie. (4)

1.6 Voltooi die sinne hier onder met 'n opsie uit die volgende lys. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

dokters; gestremde; beweeglikheid; deuropeninge; gange; krane; toilette; 100 mm; 180; 150; 1 000 mm; 900 mm

(1.6.1) ... en wasgeriewe vir (1.6.2) ... persone moet behoorlik oorweeg word. Die meeste rolstoele vereis 'n ruimte van 2,74 vierkante meter om (1.6.3) ... grade te draai. (3 × 2) (6)

[25]

VRAAG 2: TEKENKANTOORORGANISERING

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 As werksonderhoude met opgeleide tekenaars gevoer word, is hulle vaardighede gewoonlik nie 'n probleem nie. Hulle vaardighede kan op hulle kwalifikasies en in die verwysings van vorige werknemers nagegaan word.

Kopiereg voorbehou

2.1.2 Hoewel die kantoorbestuurder van 'n klein tekenkantoor maklik al die besonderhede van elke taak kan ken, kan dieselfde nie van die bestuurder van 'n groot tekenkantoor verwag word nie.

2.1.3 Die doel van 'n werksonderhoud met 'n leerlingtekenaar behoort te wees om vas te stel of die aansoeker inisiatief kan neem en wat sy of haar gesindheid is.

2.1.4 Afgesien van die voornemende werknemer se kennis en vaardighede, is sy of haar persoonlikheid en benadering tot die werk ook belangrik.

(4 × 1) (4)

2.2 Maak 'n vryhandtekening in die korrekte verhouding met die titel 'Organisasiekaart van 'n tekenkantoor'. Illustreer en benoem alle poste in 'n tekenkantoor, van die bestuurder heel bo tot by die leerlingtekenaars heel onder. (8)

2.3 Noem VIER administratiewe take wat 'n bekwame tekenkantoorspan moet verrig. (4 × 2) (8)

[20]

VRAAG 3: GESONDHEID EN VEILIGHEID VAN TEKENAARS

3.1 Waarvoor staan die akroniem NOSA? (1)

3.2 Kleurkodes is 'n veiligheidseienskap van sekere komponente.

Skryf die kleur van elk van die volgende komponente langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer:

3.2.1 Lug

3.2.2 Suur

3.2.3 Alkali's

3.2.4 Brandbestryding

3.2.5 Gasse (behalwe lug)

3.2.6 Olies

3.2.7 Stoom

3.2.8 Water

3.2.9 Loopgange

3.2.10 Gevaarsones

(10 × 1) (10)

3.3 Noem SES stukke persoonlike beskermingstoerusting (PBT) (wat beskermende klere insluit) wat werkers teen beserings beskerm. (6 × 2) (12)

3.4 Maak 'n vryhandtekening in die korrekte verhouding wat elk van die volgende gevaartekens illustreer:

3.4.1 Eerstehulpuitrusting

3.4.2 Plek waar brandblusuitrusting gevind kan word

3.4.3 Plek waar 'n noodtelefoon gevind kan word

3.4.4 Toegang verby hierdie punt is verbode

3.4.5 Veiligheidsklere: 'n skermbril moet gedra word

(5 × 2) (10)
[33]

VRAAG 4: MEETINSTRUMENTE EN -TOERUSTING

4.1 Maak 'n vryhandtekening in die korrekte verhouding van 'n noniushoogtemaat en benoem die verskillende onderdele. (12)

4.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.2.1 Die balk van die noniushoogtemaat is gemerk, en word op dieselfde manier as 'n standaard ... gelees. (2)

4.2.3 'n Beweegbare glyplaatjie of kop, wat die ... skaal bevat, kan op en af met die balk gly, en met 'n klemskroef in posisie vasgeklem word. (1)

4.2.4 Die ... kan verwyder en met die hegstuk van 'n wysermeter vervang word. (1)

4.3 Noem DRIE gebruike van 'n noniushoogtemaat. (3 × 2) (6)
[22]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou